WATERWERK

AKTIWITEIT 1: INLEIDING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursus met die regte gesindheid te open sodat die kursus suksesvol aangebied kan word.

STANDAARD
a) Dat die kursus met ‘n gepaste Godsdienstige aktiwiteit geopen word.
b) Dat die KG die wonder van water as deel van God se skepping begryp.
c) Dat die kursusinhoud vir die KG verduidelik word.
d) Dat die KG’s mekaar leer ken en ondersteun.

AKTIWITEIT 2: NUT VAN WATER

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te laat besef watter nut water vir die mens en sy omgewing het.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger besef watter rol water in die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikanervolk gehad het. (volksplanting, kultuur afhanklik van natuur, droogtes, depressiejare)
b) Dat die kursusganger die chemiese en fiesiese samestelling van water verstaan. (chemies, bios, abioties, suurstof ens)
c) Dat die kursusganger die rol van water in die voorbestaan van lewe begryp. (mens, dier en plant - ekosisteem)
d) Dat die kursusganger die waarde van water in die algemene ekonomie van die land verstaan.(vervaardigingsindustrie, krag, vervoer, landbou, sport ens)
e) Dat die kursusganger die nut van water vir sport en ontspanning ken. (watersport, hengel, staptoere, ontspanningsterreine – swemplekke en atmosfeer, kind en water, waterspeletjies)

AKTIWITEIT 3: LEWE BY WATER

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vertroud te maak met die lewe in en om varswater.

STANDAARDE
a) Dat die KG die mikro en makroflora van varswaterbronne verstaan.
b) Dat die KG die algemene varswaterplante van die omgewing sal uitken.
c) Dat die KG die algemene dierelewe in en om varswater ontdek.
d) Dat die KG kennis opdoen van algemene voëlsoorte rondom varswaterplekke.

AKTIWITEIT 4: TOUWERK

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vaardig te maak in die gebruik van touwerk by watersport.

STANDAARDE
a) Dat die KG die samestelling van toue wat in watersport gebruik word sal ken.
b) Dat die KG die algemene knope kan maak en toepas wat gebruik word by watervaartuie. (skuif, agtslag, skootsteek, maswerklas, booglyn, vissers, terugsplitsing en besetting)
c) Dat die KG ‘n werptou kan maak. (bobbejaanknoop)
d) Dat die KG ‘n eenvoudige net kan vleg.

AKTIWITEIT 5: VAARTUIE OP DIE WATER

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger met kennis toe te rus van algemene watervaartuie wat gebruik word.

STANDAARDE
a) Dat die KG die verskillende vaartuie wat algemeen op water gebruik word in geheel sal ken en dele daarvan kan uitwys en funksies daarvan verduidelik. (Roeiboot, seilboot – dighie en kattemeran, walvlot, kano, kragboot, jetski)
b) Dat die KG die algemene terminologie wat by watervaartuie gebruik word sal ken.
c) Dat die KG ‘n seilboot en walvlot volledig vaarbaar kan maak.

AKTIWITEIT 6: WATERSPORT

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger watersport met die nodige vaardigheid te laat beoefen.

STANDAARDE
a) Dat die KG die watervaartuie beskikbaar met algemene vaardigheid kan hanteer (ten minste walvlot, rooiboot, seilboot, windseilplank en ‘n motorboot of jetski)
b) Dat die KG die algemene vaar teminologieë wat gebruik word sal ken.
c) Dat die KG die algemene vaarreëls sal ken.
d) Dat die KG die algemene versorging van die watervaartuie wat gebruik word sal toepas.

AKTIWITEIT 7: WATERVEILIGHEID

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger die algemene beginsels van veiligheid by water te laat bemeester.

STANDAARDE
a) Dat die KG die gebruik van lewensbaadjies, dryfgordels en natpakke bemeester met die beoefening van watersport.
b) Dat die KG die algemene lewensredding tegnieke sal bemeester.(KPR)
c) Dat die KG die volgede algemene mediese probleme kan voorkom en eerstehulp kan toepas indien benodig: Sonbrand, hitte-uitputting, hipotermie, algemene beserings, Bilharzia

AKTIWITEIT 8: WEERKUNDE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vertroud te maak met die verskynsels wat die weer beinvloed.

STANDAARDE
a) Dat die KG algemene weerverskynsels sal begryp wat ‘n invloed op watersport het.
b) Dat die KG die samestelling van wolke en die invloed van wind daarop sal verstaan.
c) Dat die KG die algemene reënval van die omgewing kan bepaal.

AKTIWITEIT 9: HENGEL

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vaardig te maak in die basiese hengeltegnieke.

STANDAARDE
a) Dat die KG die algemene toerusting benodig vir hengel sal ken.
b) Dat die KG die algemene vaardighede benodig vir hengel by damme en riviere sal bemeester.

AKTIWITEIT 10: REDDING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger kennis te laat opdoen, sodat hy vaardig met die regte gesindheid ‘n noodsituasie kan hanteer.

STANDAARDE
a) Dat die KG die meer algemene gevare wat water vir die mens inhou verstaan.
b) Dat die KG met die onderskeie publieke ondersteuningsdienste (NSRI, SAPD, burgerlike beskerming, parkeraad, natuurbewaring en Portnet/vloot) se werkingswyse vertroud sal wees.
c) Dat die KG die vermoë sal ontwikkel om met die onderskeie diensorganisasies te kan skakel indien nodig.
d) Dat die KG algemene kommunikasie dmv radios, morsekode en seinvlae kan toepas.
e) Dat die KG die werking van radar verstaan.

AKTIWITEIT 11: WATERBESOEDELING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger in te lig rondom belangrike aspekte in waterbesoedeling

STANDAARDE
a) Dat die KG die gevare van besoedelde water vir menslike gebruik (sport en drink) sal besef. (Cholera, chemikalië
b) Dat die KG die nadelige gevolge wat besoedelde water op die omgewing het kan waarneem.
c) Dat die KG die algemene voorkoming van waterbesoedeling sal kan toepas.
d) Dat die KG die watersuiweringsstelsels sal bestudeer.

AKTIWITEIT 12: KAARTWERK

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vertroud te maak met die basiese kaartwerk rondom waterwerk.

STANDAARDE
a) Dat die KG ‘n normale topografiese kaart kan interpreteer met verwysing na veral water.
b) Dat die KG die diepte van water kan bepaal. (diepteloting)
c) Dat die KG algemene navigasieinstrumente kan gebruik.

AKTIWITEIT 13: OORLEWING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die belangrikte aspekte van oorlewing aan die kursusganger oor te dra.

STANDAARDE
a) Dat die KG die algemene beginsels van fisiese oorlewing by water sal ken.
b) Dat die KG die vermoë sal ontwikkel om bruikbare drinkwater te bekom.
c) Dat die KG kennis opdoen van algemene eetbare plante en diere in die omgewing van water.
d) Dat die KG die algemene geestelike uithouvermoë van oorlewing begryp.

AKTIWITEIT 14: BOU ‘N BOOT

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger geleentheid te bied om saam aan ‘n boot te bou.

STANDAARDE
a) Dat die KG die basiese tegnieke wat benodig word om met veselglas te werk sal aanleer.
b) Dat die KG ‘n normale rooiboot beplan en meedoen aan die bouwerk.

AKTIWITEIT 15: BEPLAN ‘N REGATA

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vaardig te maak om ‘n regata te reël.

STANDAARDE
a) Dat die KG die algemene bepalings van ‘n regata ken.
b) Dat die KG as deel van ‘n groep ‘n regata beplan vir ‘n groep Voortrekkers.

AKTIWITEIT 15: AFSLUITING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursus op ‘n gepaste wyse af te sluit

STANDAARDE

a) Dat die KG die kursus evalueer.
b) Dat die KG die kursus op ‘n gepaste Voortrekkerwyse afsluit.